## 1.1 DAARDIE DAG HET EK GROOT GESKRIK

- Die kandidaat vertel van 'n dag toe hy/sy groot geskrik het.
- Die opstel moet in die verlede tyd geskryf word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Wat gebeur het wat die kandidaat groot laat skrik het.
  - Waar en wanneer dit gebeur het.
  - Hoekom dit die kandidaat groot laat skrik het.
  - Hoe die kandidaat voel oor dit wat daardie dag gebeur het.

**[40]**

## 1.2 OP PAD SKOOL TOE

- Die kandidaat vertel of beskryf wat hy/sy sien/hoor as hy/sy op pad skool toe is.
- Die opstel behoort in die teenwoordige tyd geskryf te word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Watter pad die kandidaat skool toe stap/ry.
  - Watter mense die kandidaat op pad skool toe sien/hoor.
  - Watter dinge die kandidaat op pad skool toe sien/hoor.
  - Waarom die kandidaat van hierdie pad hou of nie hou nie.

**[40]**

## 1.3 DIE SPORTSOORT WAARVAN EK DIE MEESTE HOU

- Die kandidaat vertel van/beskryf van watter sportsoort hy/sy hou.
- Die opstel behoort hoofsaaklik in die teenwoordige tyd geskryf te word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Van watter sportsoort die kandidaat die meeste hou.
  - Hoekom kandidaat hierdie sportsoort verkies.
  - Wanneer en waar die kandidaat sy/haar gunstelingsport beoefen.
  - Hoe sport die kandidaat se lewe beter maak.

**[40]**

## 1.4 EK GEBRUIK SOSIALE MEDIA

- Die kandidaat vertel van/beskryf die rol van sosiale media in sy/haar lewe.
- Die opstel kan in die teenwoordige tyd geskryf word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Wat sosiale media is.
  - Hoe die kandidaat sosiale media gebruik en hoekom.
  - Hoe sosiale media die kandidaat se lewe beter maak.
  - Hoe die kandidaat se lewe sonder sosiale media sou wees.

LET WEL VIR BLINDE KANDIDATE:
Konsentreer op 'n lewe sonder sosiale media. **[40]**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Die **instruksies** wat by hierdie vrae gegee is, moet gevolg word.
Hierdie instruksies dui aan **HOE** die kandidaat die **opdrag** moet uitvoer.

### 3.1 PLAKKAAT

**FOKUS (OPDRAG)**

Die kandidaat moet 'n plakkaat maak om vir die mense van die gemeenskap te vertel van die winkel waar tradisionele klere verkoop word.

**KENMERKE VIR HIERDIE SKRYFSTUK**

- Getal woorde: 50–70 woorde.
- Dit moet die duidelike kenmerke van 'n plakkaat toon.
- Die inligting moet duidelik wees.
- Die plakkaat moet eenvoudig wees en die lesers (leerders) se aandag trek.
- Die inhoud moet maklik verstaanbaar wees.

**INHOUD, IDEES EN DETAIL**

Die plakkaat behoort die nodige inligting omtrent die winkel te verskaf, nl.:

- waar die winkel geleë is;
- watter tye en op watter dae die winkel oop sal wees;
- wat alles by hierdie winkel gekoop kan word; en
- wie die mense kan kontak (as hulle meer wil weet).

**FORMAAT**

- Uitleg van die plakkaat (visuele ontwerpelemente, bv. lettergroottes, lettertipes en plasing van die woorde) is belangrik.
- Die belangrike inligting op die plakkaat moet duidelik uitstaan.
- Dit moet al die inligting oor die klerewinkel gee.
- Die plakkaat berus op die sogenaamde **ABBA**-beginsel. Dit moet mense se **aandag** trek. Die mense se **belangstelling** in die winkel moet gewek word. Dit moet die mense se **behoefte** aanspreek. As die plakkaat in sy doel slaag, sal die mense tot **aksie** oorgaan.

**STYL, TOON EN REGISTER**

Die kandidaat kan 'n informele, oorredende styl gebruik wat by die situasie pas.

